

Woensdag 20 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 20:1-13

Fokusgedeelte: Numeri 20:12

Wees stiptelik aan die heilige God gehoorsaam

Hulle was maar moeilike mense, die Israeliete. Altyd ontevrede en altyd 'n gemor; vol verwyte.

Só hoor 'n mens weer die ontevredenheid, verwyte en gemor by Kades waar daar nie vir die Israeliete drinkwater is nie. Moses en Aäron soek die aangesig van die Here en sy leiding. Hulle ontvang dit ook: Moses moet met die rots *praat*. In Eksodus 17:1-7, toe die volk óók nie drinkwater gehad het nie, moes Moses die rots *slaan*. Nou moet hy wel Aäron se kiere vat, maar niks daarmee doen nie. Hy moet met die rots *praat*.

Was dit uit frustrasie oor die ontevredenheid en gemor van die volk? Het Moses net te veel van die verwyte gehad? Hy was die man wat keer op keer tussen die volk en die Here gaan staan het. Hy het vir die volk ingetree. Op 'n stadium het hy selfs gebid dat die Here sý (Moses se) naam moet uitwis sodat die volk behoue kan bly. Wat ook al in sy gemoed geleef het, in plaas daarvan om met die rots te *praat*, slaan Moses die rots. Daar kom wel water, maar Moses en Aäron het 'n verskriklike sonde begaan. Die Here as die heilige God is nie deur Moses en Aäron in hulle gehoorsaamheid geëer nie. Van daardie sonde is die uiteinde verskriklik. Hulle sal nie saam met die Israeliete die beloofde land binnetrek nie.

Die Here leer ons om Hom nie uit gewoonte te dien nie, maar om fyn te luister en Hom noukeurig te gehoorsaam – Hy is die *Heilige*. Moses was 'n middelaar vir die volk by die Here wat klaaglik misluk het. Daar is in Moses en Aäron se sonde en gebreke 'n roep na Jesus Christus – die volmaak-gehoorsame Middelaar wat die heilige God se toorn oor die sonde gestil het met sy kruisdood.

Deur in Hom te glo, word sy gehoorsaamheid ons toegereken, sterf ons ontevredenheid, opstandigheid en verwyte af en word ons deur die Heilige Gees vernuwe na die beeld van God: goed, in ware geregtigheid en heiligheid. Só word ons in die hemelse Kanaän ingelei.

Sing: Psalm 97-1:1, 7

Ds. JC van Dyk (Jannes) (Ventersdorp)